

## ‘SLAAGSYFER KAN MISLEIDEND WEES’

# Begrip sonder oplossings

## Departement sukkel, sê kenners

### Alet Janse van Rensburg

Dit blyk dat die departement van basiese onderwys uiteindelik 'n goeie, nugter begrip van die uitdagings in die onderwysstelsel het, al kon hy nog geen duidelike oplossings vir dié probleme vind nie.

So het onderwyskenners Woensdag in reaksie op 2015 se matriekslaagsyfer gesê.

Prof. Sarah Gravett, dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Johannesburg, sê hoewel dit duidelik is dat die onderwysdepartement onder geen wanindruk oor tekortkominge is nie, dit kommerwekkend is dat hy al jare lank nie daarin slaag om dié probleme op te los nie.

“Dringende ingryping is nodig in die provinsies wat die slegste

gevaar het, soos KwaZulu-Natal, Limpopo en die Oos-Kaap. Daarvoor is daar geen twyfel nie en dit gaan nie eenvoudige oplossings wees nie,” sê sy.

“Ons moet egter nie in die negatiewe aspekte vasstaar nie, en die slaagsyfer kan dikwels misleidend wees.

“Daar is ook positiewe redes waarom die slaagsyfer gedaal het. Dit sluit in moeiliker vrae-



stelle, strenger nasieners en die feit dat die stelsel leerlinge wat kul gouer vasvat.”

Dr. Nic Spaull, 'n onderwysnavorsner verbonde aan die Universiteit Stellenbosch, is egter skepties oor die manier waarop Umalusi, die raad vir gehalteversekering in algemene onderwys, die slaagsyfer aangepas het gegewe 2015 se buitengewoon groot groep matrieks en die

vroeëre verklaring dat 'n “ongekende stel aanpassings” plaasgevind het.

“Daar was verlede jaar sowat 130 000 meer matrikulante as in 2014 van wie sowat 65 000 volgens die departement druipele was wat ná matriek deurgesit is. Waar kom die ander helfte vandaan? My teorie is dat hulle moontlik ook druipele was wat moontlik nie deur die provinsiale onderwysdepartemente so aangeteken is nie,” sê hy.

“Indien dit die geval is, is die werklike daling in die slaagsy-

fer waarskynlik nog groter en is die punte nie korrek en in verhouding aangepas nie. Die manier waarop Umalusi die punte aanpas, is nie deursigtig genoeg nie.”

Hoewel 70,7% van matrikulante die skooljaar geslaag het, het net 41% van die groep leerlinge wat 12 jaar gelede met gr. 1 begin het matriek in 2015 geslaag.

Christina Watson, uitvoerende hoof van die uitgewer Via Afrika, sê toenemende druk op skole om hul matriekslaagsyfer te ver-

beter is nie in belang van die land se kinders nie.

“Die jaarlikse verwagtings oor en kritiek op die slaagsyfer veroorsaak dat die hele stelsel daarop ingestel is om leerlinge matriek te laat slaag. Gevolglik bly onderrig wat kinders werklik vir die moderne wêreld voorberei in die slag,” sê sy.

“Om 'n handboek te memoriseer, gaan jou nêrens in die lewe bring nie. Ons moet kinders lewensvaardighede leer en hulle toerus om krities te kan dink,” sê Watson.